# Weeg & Wen

## WEEG & WEN / WEIGH & WIN

Die DuPont® PIONEER® Weeg & Wen Nasionale Opbrengskompetisie is tans in die 3de aaneenlopende jaar. Hierdie kompetisie is oop vir alle Suid-Afrikaanse mielie-, sojaboon- en sonneblomboere en word in samewerking met Graan SA, John Deere, Syngenta, Eerste Nasionale Bank en Santam aangebied. This competition provides farmers with the opportunity to test new production processes, to improve productivity and to maximise yields.

## REËLS / COMPETITION RULES

**Waarvoor skryf ek in?**

*Vir die kompetisie benodig jy 'n aaneenlopende 2-hektaar blok, waarop 'n enkele kultivar gesaai mag word.*

**Sonder om in te skryf, kan jy nie wen nie!**

- Voltooi die aanlyn inskrywingsvorm by www.weegenwen.co.za
- Your entry is complete once the entry fee is paid and the GPS coordinates for the field are submitted.
- Submit your entry form online.
- 'n Epos, ter bevestiging, sal dien as bewys van u inskrywing.
- Deur in te skryf, gee u toestemming dat opbrengsresultate en produksiepraktyke in die media gepubliseer mag word.

**Who can enter?**

*Inskrywings is oop vir enige persoon, 18 jaar en ouer, wat in Suid-Afrika boer met enige geregistreerde mielie-, sojaboon- of sonneblomkultivar van enige saadmaatskappy.*

- Inskrywings mag slegs in 'n individu of natuurlike persoon se naam wees. Entries may not be for more than one person, legal entity or trading entity.

**Wat kos 'n inskrywing?**

*Inskrywingsgeld van R1 000 per inskrywing kan met 'n elektroniese fondsoorplasing (EFT) betaal word. You can enter as many times as you like, but only your best entry will count for award purposes.*

- U inskrywingsgeld moet die kompetisie-inskrywingsvorm vergesel. No entry fee will be REFUNDED after the entry has been added to the competition database.

**What is the closing date for entries?**

- *Inskrywings sluit op 31 Julie 2018.*
- *Entries close on 31 July 2018.*

## 1. OESPROSESREËLS / HARVEST RULES

*Vir die kompetisie-inskrywing moet daar volgens die onderstaande voorskrifte geoes word:*

- You need to make an appointment with your allocated harvest official at least 14 days before the planned harvest date.
- Die volledige oesvorm moet binne 7 dae ná oes aan die kompetisiekantore gestuur word, voor 31 Julie 2018.
- Indien die kultivar op die inskrywingsvorm verskil van die opbrengsvorm, sal die kultivar op die opbrengsvorm gelys word.
- Die organiseerders behou die reg voor om toesighouers te kontak om nakoming van die kompetisiereëls te bevestig.
- The organisers also reserve the right, with advance notice, to observe any harvest.

It remains the responsibility of the entrant to see that their harvest report forms are properly completed and sent to the competition office by the closing date of 31 July 2018.

## 2. VOORSKRIFTE VIR AANPLANTING / FIELD REQUIREMENTS

*Die deelnemer sal 'n area van ten minste 2 hektaar in grootte en van een kultivar aanwys wat geoes moet word. Die land mag enige vorm aanneem, maar moet in 'n aaneenlopende blok wees.*

- The entrants and harvest officials are responsible for providing accurate row lengths for odd field shapes.
- Alle buiterye/draairye en die gelyke aantal buiterye aan elke kant mag nie deel vorm van die 2 hektaar soos gestipuleer deur die kompetisiereëls nie.
- The entrant agrees to harvest the contest field with a multiple row combine harvester.

## 3. TOESIGHOUERS / HARVEST OFFICIALS

*Twee toesighouers wat ná die bevestiging van die inskrywing aangewys is, moet tydens die oesproses EN tydens die inweegproses by die silo, waar die gewig, vog en die oppervlak wat geoes is bevestig sal word, teenwoordig wees.*

- Harvest officials should be contacted at least two weeks before harvesting to arrange the harvest measurement.
- Die organiseerders behou die reg voor om toesighouers aan te stel, soos benodig, en sal poog om AVCASA-gekwalifiseerde Ag-Chem agente, veldtegnici van die saad-/kunsmisbedryf, en/of geskikte verkoopsagente met die nodige akademiese kwalifikasies en/of praktiese ondervinding, aan te stel.
- Officials of the Protein Research Council, the ARC, or agronomists from other industries, can be part of this group, as well as employees of the crop insurance industry, university researchers, etc.
- 'n Kompetisiedeelnemer, of 'n werknemer of familielid van die deelnemer, kan nie 'n toesighouer wees nie.
- Die toesighouer is verantwoordelik vir die volgende:
  - Moet teenwoordig wees tydens die oes, weeg (gros, tarra) en vogbepaling.
  - Die afmetings van die oesperseel.
  - Die voltooiing van alle berekeninge.
  - The harvest official(s) must have the entrant run his combine and transfer auger empty to make sure no grain has been left behind. All chaser bins, wagons and trucks must be checked to make sure they are completely empty.
- Die deelnemer is verantwoordelik daarvoor dat die opbrengsvorm na die kompetisiekantoor gestuur word.

## 4. METING/MEASURING

*Gebruik van 'n maatband word aanbeveel.*

- Meetwiele is aanvaarbaar, maar hulle mag nie vanaf 'n bewegende voertuig gebruik word nie. Kalibrasie van die wiele word aanbeveel. Al die afmetings moet op die oesvorm, wat aan die kompetisiekantoor gestuur word, aangedui word.
- Accurate measurements must be made with the measuring tape pulled taut, but not off the ground surface.
- Rylengtes: Indien die rye almal dieselfde lengte is, moet die lengte gemeet word en op die vorm aangebring word. Indien die rye nie ewe lank is nie, moet daar in die middel van elke geoesde ry gemeet en dit so aangeteken word. In 'n spilpunt moet die wielspasie nie afgetrek word nie.
- Rywydte: Teken die rywydte aan volgens die spasiëring van die planter-ryeenhede.

DUPONT

PIONEER.

## 5. HEKTARE GEOES / HECTARES HARVESTED

- Die totale rylengte (al die rylengtes saamgetel, asof net een ry geoes is), maal die rywydte, gedeel deur 10 000, is gelykstaande aan die aantal hektare geoes.
- The total row length (all row lengths added together, as if only one row was harvested), times the row width, divided by 10 000, is equal to the number of hectares harvested.

## 6. WEEGPROSES / WEIGHING

*Die deelnemer sal 2 hektaar in die teenwoordigheid van twee toesighouers oes en die opbrengs na die graanvervoerhouers oorplaas. Daarna sal die graan na die plaaslike koöperasie geneem word om geweeg te word.*

- Die deelnemer mag versoek dat 'n bykomende area van dieselfde aaneenlopende blok geoes word om sodoende die vraghouer te vul voordat dit na die weegbrug geneem word. Hierdie reëling is toelaatbaar ná instemming deur die toesighouers, indien prakties vir beide die toesighouers en deelnemers op dié dag. In hierdie geval moet die ekstra gedeeltes geoes, gemeet en by die berekening van die oppervlak geoes en opbrengs per hektaar, ingewerk word.
- Dit word aanbeveel dat die graan so gou as moontlik ná die oes geweeg word. Die graan moet in die teenwoordigheid van die toesighouers geweeg word.
- Die oorspronklike weegbewys (geen fotokopieë nie) moet by die oesverslagvorm aangeheg word. Die naam van die maatskappy wat die graan geweeg het, asook die naam van die persoon verantwoordelik vir die proses, moet op die vorm aangedui word. Geen weegwaentjies mag gebruik word nie.

## 7. VOGBEPALING / MOISTURE TESTING

*'n Ervare persoon moet die vogbepaling op 'n verteenwoordigende monster van die graan uitvoer.*

- It is best to have the same sample run through the meter three times, and the average of the three readings taken.
- Die voginhoud moet op die oesvorm aangeteken word, of 'n vogbewysvorm moet aangeheg word.

## 8. OESBEREKENING / YIELD CALCULATION

*Alle berekeninge moet tot die 4de desimale punt gedoen word.*

- Neem die totale gewig, in kilogram, van die graan wat geoes is en aangepas is na 12.5% vog in die geval van mielies. Deel dit dan met die aantal hektare wat geoes is om die opbrengs per hektaar te bepaal.

## 9. WENNERS SE VERPLIGTINGE / CONTEST AWARDS

*Indien 'n deelnemer twee of meer kultivars inskryf, sal slegs die inskrywing vir die kultivar met die hoogste opbrengs in aanmerking kom vir 'n toekenning.*


- Toekennings sal gemaak word aan die 1ste- 2de- en 3de-plek wenners van alle kategorieë, buiten die kategorie vir besproeiingsmielies, waar 'n 1ste tot en met 5de plek toekennings sal ontvang.
- Toekennings sal tydens 'n galafunksie in Augustus 2018 oorhandig word.
- Alle finaliste sal na die funksie genooi word.
- Wenners mag versoek word om hulle praktyke te deel tydens die opbrengskonferensie, wat na afloop van die kompetisie gehou sal word.

## 10. ALGEMEEN / GENERAL

*Geen inligting oor die kompetisie-uitslae sal beskikbaar wees voor dit nie in die pers vrysgestel is nie. Resultate sal voor of op 30 Augustus 2018 vrygestel word.*

- Besluite geneem deur die organiseerders van die kompetisie, in álle sake, is finaal. Die organiseerders behou die reg voor om enige inskrywing te diskwalifiseer, sonder terugbetaling van die inskrywingsfooi, indien enige van die genoemde reëls nie nagekom word nie.

## 11. KAART / STREEKSINDELING




## 12. KATEGORIE / CATEGORY

**Maize**
1. KwaZulu-Natal Region
2. Eastern Highveld Region
3. Eastern Free State Region
4. Central Region
5. North West Region
6. Water Table Region
7. Irrigation (countrywide)

**Soybeans**
8. KwaZulu-Natal Region
9. Eastern Highveld Region
10. Eastern Free State Region
11. Central Region
12. North West Region
13. Water Table Region
14. Irrigation (countrywide)

**Sunflower**
15. Countrywide


DU PONT PIONEER
JOHN DEERE
GRAIN SA GRAAN SA
syngenta
santam
FNB


Saam met jou van DIE WOORD "GO"


**KOMPETISIEKANTOOR:**
(Navrae & Opbrengsvorms)
Epos: info@weegenwen.co.za
Tel: 012 683 5700
Adres: Posbus 8010, Centurion, 0046